Santam Beperk en sy filiale

Nagesiende tussentydse verslag vir die ses maande geëindig 30 Junie 2004

Hoogtepunte

- *Netto geskrewe premie styg met 11%*
- *Netto versekeringsresultaat van R667 miljoen*
- *Styging van 181% in wesensverdienste per aandeel*
- *R940 miljoen in kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer*

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE
JJ Geldenhuys, JG le Roux, NM Magau,
AR Martin, JE Newbury, P de V Rademeyer,
GE Rudman, DK Smith (Voorsitter),
J van Zyl, BP Vundla

UITVOERENDE DIREKTEURE
SC Gilbert (Uitvoerende hoof),
MJ Reyneke

MAATSKAPPYSEKRETARIS
CV du Plessis (Waarnemend)

BORG
Investec Bank Beperk

OORDRAGSEKRETARIS
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Tel (011) 370 7700, Faks (011) 688 7721
http://www.computershare.com

SANTAM HOOFKANTOOR EN GEREGISTREERDE ADRES
Sporticasingel 1, Tygervallei, Bellville 7530
Posbus 3881, Tygervallei 7536
Tel (021) 915 7000, Faks (021) 914 0700
http://www.santam.co.za

ISIN ZAE000006854
JSE-aandelekode: SNT
NSX-aandelekode: SNM
Registrasienommer 1918/001680/06

FCB JONSSONS

Inkomstestaat

	Aant.	**Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen**	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	% Verande-ring	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen
Bruto geskrewe premie		**4 414**	4 387	1	9 513
Netto geskrewe premie		**3 690**	3 325	11	7 022
Netto verdiende premie		**3 596**	3 210		6 755
Eise voorgekom		**1 997**	2 173		4 375
Netto kommissie		**435**	418		789
Bestuurskoste		**586**	445		1 061
Onderskrywingsresultaat		**578**	174		530
Beleggingsopbrengs op versekeringsfondse		**89**	107		205
Netto versekeringsresultaat		**667**	281	137	735
Beleggingsinkomste	2	**159**	53	200	498
Inkomste van geassosieerde maatskappye		**2**	(4)		(12)
Klandisiewaarde		**(32)**	(12)		(37)
Inkomste voor belasting		**796**	318		1 184
Belasting	3	**230**	113		356
Inkomste na belasting		**566**	205	176	828
Buiteaandeelhouersbelang		**5**	11		22
NETTO INKOMSTE		**561**	194	189	806
		Sent	Sent		Sent
Verdienste per aandeel					
Verdienste per aandeel		**490**	173	183	718
Wesensverdienste per aandeel	4	**518**	184	181	751
Dividende per aandeel		**95**	72	32	220

Balansstaat

	Nagesien Soos op 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Soos op 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Soos op 31 Desember 2003 R miljoen
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom en toerusting	**69**	64	70
Klandisiewaarde	**76**	107	109
Uitgestelde belasting	**17**	23	14
Beleggings	**3 832**	3 338	3 835
Beleggings in geassosieerde maatskappye	**156**	40	150
Beleggings	**3 676**	3 298	3 685
Tegniese bates	**1 939**	1 945	2 302
Bedryfsbates	**4 769**	3 830	4 379
Bedrae verskuldig deur debiteure, herversekeraars en uitstaande premies	**926**	1 167	1 176
Kontant en kontant-ekwivalente	**3 843**	2 663	3 203
Totale bates	**10 702**	9 307	10 709
AANDEELHOUERSBELANG EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	**4 353**	3 420	3 956
Buiteaandeelhouersbelang	**43**	44	53
Uitgestelde belasting	**55**	42	135
Tegniese voorsienings	**4 963**	4 580	5 156
Bedryfslaste en -voorsienings	**1 288**	1 221	1 409
Totale aandeelhouersbelang en laste	**10 702**	9 307	10 709
Getal uitgereikte aandele (miljoen)	**114.9**	112.2	113.6
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (miljoen)	**114.6**	112.0	112.3
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**3 790**	3 049	3 482
Solvensiemarge (%)	**59**	53	56

Staat van veranderings in ekwiteit

	Nagesien Soos op 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Soos op 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Soos op 31 Desember 2003 R miljoen
Saldo aan begin van tydperk	**3 956**	3 375	3 375
Uitgereikte aandele	**31**	7	39
Netto inkomste vir die tydperk	**561**	194	806
Omrekeningsverskil op buitelandse entiteite	**(26)**	(39)	(66)
Dividende betaal	**(169)**	(117)	(198)
Saldo aan einde van tydperk	**4 353**	3 420	3 956

Kontantvloeistaat

	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen
Kontant deur bedrywighede voortgebring	**666**	355	1 092
Inkomste voor belasting	**796**	318	1 184
Waardevermindering	**11**	8	22
Ander nie-kontantaanpassings	**31**	18	32
Totale beleggingsinkomste	**(248)**	(159)	(703)
Verandering in bedryfskapitaal	**76**	170	557
Dividende en rente ontvang	**274**	244	418
Kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring	**940**	599	1 510
Belasting betaal	**(144)**	(75)	(233)
Dividende betaal	**(177)**	(122)	(200)
Kontant uit bedryfsaktiwiteite teruggehou	**619**	402	1 077
Kontant deur netto beleggingsaktiwiteite voortgebring	**62**	72	(31)
Kontant uit bedryfs- en beleggingsaktiwiteite teruggehou	**681**	474	1 046
Opbrengs van gewone aandele uitgereik	**31**	7	39
Belegging in geassosieerde maatskappye	**(9)**	(22)	(69)
Belegging in filiale	**–**	(408)	(408)
Kontant verkry met verkryging van filiale	**–**	391	406
Kontant aangewend in toevoeging tot vaste bates	**(9)**	(16)	(36)
Omrekeningseffek op kontant	**(54)**	(35)	(47)
Kontant vir die tydperk voortgebring	**640**	391	931
Kontant en kontant-ekwivalente aan begin van tydperk	**3 203**	2 272	2 272
Kontant en kontant-ekwivalente aan einde van tydperk	**3 843**	2 663	3 203

Segmentele verslag

Geografiese segmente	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen
	Bruto geskrewe premie			**Onderskrywingsresultate**		
Inkomstestate						
Suider-Afrika	**4 233**	4 214	8 926	**566**	145	465
Europa & VK	**181**	173	587	**12**	29	65
	4 414	4 387	9 513	**578**	174	530
	Totale bates			**Totale laste**		
Balansstate						
Suider-Afrika	**9 679**	8 230	9 446	**5 698**	5 176	5 894
Europa & VK	**1 023**	1 077	1 263	**608**	667	806
	10 702	9 307	10 709	**6 306**	5 843	6 700

Inkomste-ontleding

Versekeringsklas	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen
	Bruto geskrewe premie			**Onderskrywingsresultate**		
Motor	**1 987**	1 856	3 773	**257**	84	177
Eiendom	**1 347**	1 209	2 648	**170**	(8)	133
Aanspreeklikheid	**304**	261	616	**65**	26	30
Oes	**59**	185	638	**22**	25	50
Ander	**44**	180	347	**3**	20	61
Ingenieurs	**172**	168	352	**36**	3	22
Alternatiewe risiko	**205**	166	402	**2**	2	10
Vervoer	**127**	143	282	**12**	8	13
Ongevalle en gesondheid	**133**	122	253	**5**	–	6
Waarborg	**36**	97	202	**6**	14	28
	4 414	4 387	9 513	**578**	174	530

Aantekeninge by die finansiële state

1. Rekeningkundige beleid

Die tussentydse gekonsolideerde finansiële state is opgestel ingevolge die Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk oor tussentydse verslagdoening (RE 127). Die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié wat in die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2003 toegepas is.

Vergelykende syfers
Die vergelykende syfers is geherklassifiseer om klandisiewaarde deel te maak van inkomste voor belasting.

	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2004 R miljoen	Nagesien Ses maande geëindig 30 Junie 2003 R miljoen	Geouditeer Jaar geëindig 31 Desember 2003 R miljoen
2. Beleggingsinkomste			
Rente	**47**	38	87
Dividende	**83**	76	151
Valutaverskille	**7**	(6)	(20)
Gerealiseerde/Ongerealiseerde beleggingsurplusse	**42**	(48)	289
Beleggingsbestuursfooi	**(20)**	(7)	(9)
Beleggingsinkomste	**159**	53	498
3. Belasting			
Ontleding van inkomstebelasting			
Netto versekeringsresultate	**200**	85	222
Beleggingsinkomste	**16**	14	121
Ander	**14**	14	13
Belasting	**230**	113	356
4. Wesensverdienste per aandeel			
Netto inkomste	**561**	194	806
Klandisiewaarde	**32**	12	37
Wesensverdienste	**593**	206	843
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**518**	184	751
5. Netto langtermyn-opbrengskoersaanpassing			
Netto inkomste	**561**	194	806
Netto langtermyn-opbrengskoersaanpassing	**74**	139	(29)
Bruto beleggingsopbrengs	**82**	151	(79)
Belasting	**8**	12	(50)
Pro forma-verdienste op grond van langtermyn-opbrengskoers	**635**	333	777
Pro forma-verdienste per aandeel op grond van langtermyn-opbrengskoers	**554**	297	692
'n Vergelyking van die totale werklike en berekende langtermyn-opbrengskoers na belasting sonder beleggingsopbrengs op versekeringsfondse sedert 1 Januarie 2001 word hier onder uiteengesit:			
Werklike opbrengs	**1 128**	642	985
Langtermyn-opbrengs	**1 259**	869	1 042
Totale korttermyn-fluktuasiesurplus	**131**	227	57

Kommentaar

Die Suid-Afrikaanse korttermynversekeringsbedryf het in die oorsigtydperk 'n voortsetting van gunstige onderskrywingstoestande beleef. Santam se resultate vir die ses maande was uitsonderlik, met wesensverdienste wat tot R593 miljoen gestyg het.

Hoewel die totale bruto geskrewe premies slegs marginaal hoër is as in die ooreenstemmende tydperk, het premiegroei in persoonlike en kommersiële lyne met 7.5% gestyg. Groei in die korporatiewe mark is onder ernstige druk geplaas namate internasionale mededingers aktiwiteit in die mark verhoog, wat beduidende premiekorting tot gevolg gehad het. Nuwe toetreders tot die oesmark, sowel as laer versekeringsvlakke weens klimaatstoestande het groei in dié segment verhinder. Ondanks die versterking van die rand teenoor die Britse pond het internasionale bruto geskrewe premies met 4.7% gestyg in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in 2003 (11.1% in GBP-waarde).

Die vlak van herversekeringspremies het wesenlik gedaal, hoofsaaklik vanweë die maatskappy se strategie om meer besigheid teen 'n aanvaarde risikoprofiel te behou. Hierbenewens het die verlangsaming van oes- en korporatiewe besigheid ook bygedra tot die laer herversekeringsvlakke.

Die grootste bydraende faktor tot die wesenlike styging in onderskrywingswins was die laer eiseverhouding wat in die meeste versekeringsklasse in Suider-Afrika ervaar is. Die groep se netto eiseverhouding van 55.5% was 12.2 persentasiepunte laer as in dieselfde tydperk in 2003 vanweë gunstige klimaatstoestande, 'n laer voorkoms van motorongelukke en 'n daling in diefstaleise.

Aan die internasionale front is Westminster Motor Insurance Association nou in sy tweede bedryfsjaar onder die Santam-sambreel. Die besigheid het ten spyte van verhoogde mededinging bevredigend gevaar. Sy netto onderskrywingsmarge vir die ses maande is negatief beïnvloed deur 'n aanpassing van herversekeringsvoorsienings.

Bestuurskoste het toegeneem as gevolg van onder meer hoër prestasiebonusse en fooie wat aan administrateurs betaal is.

Die voortgesette fokus op kontant- en bedryfskapitaalbestuur het positiewe resultate gelewer en die kontantfondse (fondse deur versekeringsaktiwiteit voortgebring) is sedert 31 Desember 2003 altesaam 10% hoër. Die laer rentekoers het egter die positiewe uitwerking van die hoër vlak van kontantfondse teengewerk en tot gevolg gehad dat beleggingsinkomste op versekeringsfondse met 17% gedaal het.

Die gekombineerde uitwerking van alle versekerings-aktiwiteite het 'n netto versekeringsmarge van 18.5% teenoor 8.7% in die ooreenstemmende tydperk tot gevolg gehad.

Die ekwiteitsmark het sy bullopie vir die eerste twee maande van 2004 voortgesit, maar vir die res van die rapporteringstydperk sywaarts beweeg. Tesame met gesonde stygings in rente- en dividendinkomste het dit 'n toename van 200% in die totale beleggingsinkomste op die vlakke vir 2003 tot gevolg gehad.

Die gunstige onderskrywingsresultate en beleggingsinkomste het 'n positiewe uitwerking op wesensverdienste per aandeel gehad, wat met 181% tot 518 spa gestyg het.

As gevolg van verhoogde winsgewendheid het kontant uit bedryfsaktiwiteite altesaam R940 miljoen beloop, 'n styging van 57% van 2003. Die solvensievlak het van 56% aan die einde van 2003 tot 59% gestyg.

Die direksie dra sy dank oor aan Santam se bestuur, personeel, makelaars en ander sakevennote vir hul harde werk en ondersteuning die afgelope halfjaar.

VOORUITSIGTE

Onderskrywingsmarges kan na verwagting onder druk kom in die tweede helfte van 2004 weens verhoogde mededinging en die waarskynlike normalisering van eise.

Die direksie kondig graag aan dat die Ierse reguleringsligaam (IFSRA) in Julie 'n korttermyn-versekeringslisensie aan Santam Europa toegeken het, wat onder meer die toekomstige besigheid wat deur Bluesure gegenereer word sal onderskryf. Dit baan die weg vir Santam se strategie om die Multiplex-versekeringskonsep in die VK en Europa te bemark, te onderskryf en geleidelik te bevorder.

Hoewel die maatskappy deurlopend sy kapitaalvereistes evalueer, word daar tans spesifiek op dié aspek gefokus en oorweging geskenk aan veranderings aan onder meer die herversekeringsreëlings en ons internasionale uitbreidingsinisiatiewe. Ons is goed onderweg met 'n omvattende oefening om die gewenste kapitaalvlakke vir die maatskappy se gekombineerde onderskrywings- en beleggingsrisiko te bepaal met die oog daarop om groei- en sakevooruitsigte optimaal te benut en aandeelhouersopbrengs teen aanvaarbare risikoprofiele te optimaliseer. Dit sal in die volgende paar maande afgehandel word, waarna die direksie toepaslike stappe sal oorweeg.

Die verwagte lae rentekoerse vir die res van 2004 sal steeds 'n negatiewe uitwerking op die beleggingsopbrengs uit kontantportefeuljes hê. Die rigting van die ekwiteitsmarkte blyk nog betreklik onbeslis te wees, maar met die bestendige vertoning in die eerste helfte as grondslag, is die direksie steeds versigtig optimisties oor die vooruitsigte vir die res van die jaar.

VERKLARING VAN DIVIDEND (NOMMER 100)

Hiermee word kennis gegee dat die direksie 'n tussentydse dividend van 95 sent per aandeel (2003: 72 sent) verklaar het. Aandeelhouers word geadviseer dat Donderdag, 16 September 2004 die laaste dag is waarop aandele "cum dividend" sal verhandel. Die aandele sal "ex dividend" verhandel van die aanvang van besigheid op Vrydag, 17 September 2004. Die aantekeningsdatum is Donderdag, 23 September 2004 en die betalingsdatum is Maandag, 27 September 2004. Aandeelhouers mag nie hul aandele tussen Vrydag, 17 September 2004 en Vrydag, 26 September 2004 – albei datums ingesluit – dematerialiseer of rematerialiseer nie.

OORSIG DEUR OUDITEURE

Die maatskappy se eksterne ouditeure, Pricewaterhouse-Coopers Ing., het 'n oorsig op die tussentydse resultate uitgevoer. 'n Afskrif van hul ongekwalifiseerde oorsigmening is op versoek by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Namens die direksie

DK SMITH
Voorsitter

SC GILBERT
Uitvoerende Hoof

24 Augustus 2004